

Magiese denke



Besoek ons webwerf: www.aonetwerk.co.za.

**Geskryf namens die AON deur Lizette van Huyssteen
van die Practica Program**

+ Wat is magiese denke?

Opvoeders sê magiese denke kom veral tussen die ouderdom van 2 en 7 jaar voor, en dit het gelukkig niks met towerie te doen nie! Dis die normale, ontwikkelingsgepaste manier waarop jong kinders die wêreld verstaan en hul plek daarin sien.

Magiese denke is die geloof dat dit wat 'n mens dink, wens of simbolies doen, die wêreld direk kan beïnvloed

Ons sien dit in kinders wat vas en naïef glo iets gaan gebeur bloot omdat hulle daarvoor gewens het, of ontsteld raak omdat hulle glo dat iets sleg gebeur het omdat hulle 'n slegte gedagte gehad het. Dit is ook algemeen dat hulle glo dat iets hulle kan beskerm: soos 'n teddiebeer wat saam met hulle slaap, of dat iets soos 'sjoe-sproei' in 'n spuitbottel met slaaptyd oral in hul slaapkamer gespruit kan word om monsters af te skrik.

Prakties gesproke laat magiese denke 'n kind dink: "Ek is die held van my eie storie, en ek laat dinge gebeur"

Hierdie manier van dink is die resultaat van 'n kombinasie van verbeelding, emosie, en 'n jong kind se beperkte begrip van oorsaak en gevolg. Dit is heeltemal normaal en belangrik vir optimale ontwikkeling.

Watter ouderdomme is ter sprake?

Volgens die ontwikkelingsielkunde (veral Piaget se pre-operasionele fase) en moderne opvoedkundige bronne begin kinders om hierdie perspektief op die lewe te vertoon wanneer hulle ongeveer 2 jaar oud is.



Dit is die sterkste op 3, 4 en 5 jaar, en begin afneem op 6- en 7-jarige ouderdom omdat kinders se denke dan meer logies word en hulle leer om beter tussen fantasie en werklikheid te onderskei.

Sommige bronne stel voor dat die magiese fase 'n hoogtepunt bereik tussen die vierde en vyfde verjaarsdag

+ Waarom is jong kinders geneig om sulke fantastiese aannames te maak?

Die kruis van die saak is dat hulle nog nie ten volle verstaan wat die logiese verband tussen oorsaak en gevolg is nie. Hulle het ook sterk verbeeldings, en ervaar hul emosies en gedagtes as baie kragtig, terwyl hulle hulself op 'n egosentriese manier as die middelpunt van hul wêreld beskou.

Dit is deel van normale kognitiewe ontwikkeling en help kinders om vrese te verwerk, kreatief te leer dink, stories te volg, en te leer om simboliese spel te bemeester

Wenke

Dis opwindend dat kinders se geneigdheid tot magiese denke ingespan kan word om op 'n spesiale manier emosioneel by hulle aanklank te vind, en hulle te help om makliker te leer.

1. Gebruik stories, karakters en voorgee-spel

Jong kinders beskou hulself van nature as karakters in 'n storie. Hulle glo vas dat voorwerpe of karakters dinge kan laat gebeur — dink maar aan die tandmuis. Dit beteken dat ons waardevolle leerervarings in stories en voorgee-spel kan inkorporeer.

Kinders is opvallend meer emosioneel betrokke en opletterend wanneer inligting deur 'n storie, handpop, opgestopte dier, of bekende karakter aangebied word. Jong kinders bly maar konkrete denkers, en hierdie benadering maak abstrakte idees vir hulle meer verteerbaar, konkreet en betekenisvol.

Voorbeeld: 'n Handpop wat hulp nodig het om 'n opvoedkundige speletjie te speel, of 'n teddiebeer wat 'n verduideliking nodig het, kan jong kinders motiveer om baie meer aktief deel te neem en hul verbeelding te gebruik om beter te leer.

+ Erken dat kinders se gevoelens en gedagtes vir hulle groot voel

Kinders in hierdie ouderdomsgroep ervaar hul eie gedagtes en emosies as iets wat magtig is. So — in plaas daarvan om hulle magiese ingesteldheid sommer onmiddellik reg te stel — beteken dit vir hulle baie wanneer 'n mens eers hul gevoelens erken en hulle dan op 'n sensitiewe manier tot nuwe insigte bring. Wanneer kinders voel dat iemand hulle emosioneel aanvaar en koester, is hulle meer oop om te leer en na insette of leiding te luister.

Hou in gedagte dat dit nie beteken dat ons met al ons kinders se gedagtes en gevoelens hoef saam te stem nie. Ons kan erken wat hulle dink en voel deur bloot net nie te oorreegeer wanneer hulle daaroor praat nie. Prakties gesproke beteken dit dat ons hulle nie sal straf omdat hulle 'n gedagte of emosie het nie, en ook nie gewalddadig, afkeurend, seergemaak, of geskok sal lyk nie.

***Dis genoeg om te erken wat 'n kind dink of voel as 'n mens reageer deur iets te sê soos:
“Ek hoor jou. Moenie bekommerd wees nie...
Ons sal dit saam kan uitwerk”***

Voorbeeld: In plaas daarvan om te sê, “Moenie laf wees nie! Dit het nie gebeur omdat jy daaraan gedink het nie!” probeer sê, “Ek sien jy is bekommerd. Ek hoor jou. Kom ons kyk saam na die regte rede hoekom dit gebeur het.”

+ Gebruik fantasiespel om werklike konsepte bekend te stel

Magiese denke speel 'n sleutelrol in kinders se voorgespeel, en voorgespeel is een van die kragtigste maniere waarop jong kinders leer. Leerervarings word vasgelê wanneer kinders nuwe idees en inligting spelenderwys kan uitbeeld om dit te verwerk. Fantasiespel maak dit vir kinders moontlik om op 'n ontwikkelingsgepaste manier met oorsaak en gevolg te eksperimenteer, en hulle sosiale begrip, taal en probleemoplossingsvaardighede kry 'n geweldige hupstoot.

Kinders leer byvoorbeeld om met getalle te werk en beurte te maak terwyl hulle winkel-winkel speel, en hulle maak allerhande ontdekkings oor hul liggaam en hoe om ander te versorg wanneer hulle hospitaal-hospitaal speel.

Ter afsluiting

Magiese denke maak vir ons vele deure oop waardeur ons kan stap om kinders se verbeeldingswêreld te betree. So kan ons leerervarings spelenderwys aan emosie koppel, sagkens vir ons kinders brûe bou tussen fantasie en werklikheid, en op 'n gesonde, heilsame manier herinneringe bou en meer betekenisvolle leerervarings skep. Dis werklik 'n fantastiese geleentheid!

Groete en beste wense tot volgende keer.

Kontak gerus vir Wilna van Rooyen via Wilna@aonetwerk.co.za vir meer inligting.